

2. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Inleiding

EBW is 'n interessante, dinamiese en praktiese vak wat jou met lewensvaardighede sal toerus. Dit sal jou help om regte besluite te neem in jou lewe as 'n verbruiker, familielid, entrepreneur, belegger en burger.

Die vak handel oor die doeltreffende en effektiewe gebruik van privaat, openbare of kollektiewe bronne.

Dit behels die doeltreffende bestuur van menslike en skaars omgewingsbronne om wins op 'n verantwoordelike manier te maksimaliseer. Dit ondersoek die ekonomie, rekeningkunde en entrepreneurskap. Dit handel krities oor die impak van bronuitbuiting op die omgewing en mense, terwyl daar gepoog word om in mense se behoeftes en begeertes te voorsien.

Inhoud in graad 9

EBW bestaan uit drie hoofonderwerpe:

1. Die Ekonomie (30%)

- Ekonomiese stelsels
- Die sirkulêre vloei
- Prysteorie
- Vakbonde

2. Finansiële geletterdheid (40%)

Dit verduidelik wat die kernelemente is om tred te hou met finansies.

- Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal van 'n handelonderneming
- Die rekeningkundige vergelyking
- Boek oor na die Algemene Grootboek
- Stel 'n Proefbalans op
- Krediettransaksies: Debiteure
- Teken transaksies in die Debiteurejoernaal, Debiteure-afslagjoernaal aan
- Teken ontvangste van debiteure in die Kontantontvangstejoernaal aan
- Boek oor na die Debiteuregrootboek en Algemene Grootboek
- Krediettransaksies: Krediteure
- Krediteurejoernaal en die Krediteure-afslagjoernaal

- Teken betalings aan krediteure in die Kontantbetalingsjoernaal aan
- Boek oor na die Krediteuregrootboek en Algemene Grootboek
- Teken kontant- en krediettransaksies aan en boek oor na die Algemene Grootboek

3. Entrepreneurskap (30%)

- Sektore van die ekonomie
- Funksies van 'n besigheid
- Ontwikkel 'n sakeplan

Tydstoedeling

Jy sal 2 uur onderrig elke week ontvang. Benewens dit sal jy tyd by die huis moet deurbring om aan aktiwiteite te werk en toepas wat jy in die klas geleer het.

Assessering

Die formele assesseringstake is die take wat sal bydra tot die interne assesseringspunte. Jy moet hulle voltooi na die beste van jou vermoë om 'n goeie jaarpunt te verseker.

Formele assesseringsvereistes vir EBW

In graad 9 moet jy sewe formele assesseringstake voltooi.

Kwartaal 1: 'n opdrag en 'n toets

Kwartaal 2: 'n datataak of 'n toets en 'n eksamen

Kwartaal 3: 'n projek en 'n toets

Kwartaal 4: einde van die jaar eksamen

Die vak EBW sal die grondslag lê vir die volgende vakke in die VOO-fase:

- Rekeningkunde
- Ekonomie
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Reis & Toerisme

Aan die einde van graad 9 behoort jy 'n goeie idee te hê van watter beroepsbaan jy wil volg.